

SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

# Uitnemende kommunikasie

ŉ Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Wil jy verseker dat jou skriftelike kommunikasie ŉ positiewe bydrae tot die professionele beeld van jou firma lewer?** Kom ons neem jou kommuniksie-vaardighede 'n stap verder.

## Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie praktiese en interaktiewe aanlyn kursus fokus op die fynere vaardighede wat vir doeltreffende kommunikasie in geskrewe en gesproke Engels nodig is. Deur skriftelike kommunikasie van 'n hoë gehalte te lewer, dra jy outomaties by tot die professionele beeld van jou maatskappy. As jy jou selfbewustheid kan oorkom om jouself gemaklik in Engels uit te druk selfs al is dit jou tweede of derde taal, kan jy voel dat jy in die werkplek 'n stem het en kan jy ook gelukkiger daar wees. Hierdie kursus is daarop gemik om jou te ondersteun om jou vermoë om helder en selfversekerd te kommunikeer, te verbeter.

In hierdie kursus sal jy:

- Gelei word om 'n verskeidenheid duidelike, bondige en professionele dokumente te skryf
- Kyk na taalgebruik, trant en formaliteit, sinstruktuur, doelgerigtheid, lesers se behoeftes en die skryfproses
- Die vaardighede aanleer en selfvertroue opbou om doeltreffend in gesproke en geskrewe Engels te kommunikeer

## Wat is die voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

**Stel jy belang? Klik op hierdie skakel** en voltooi die aanlyn vorm.
Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812

## Wie kan die kursus bywoon? Watter loopbaanvoordele hou dit in?

Hierdie aanlyn kursus is vir jou bedoel as jy nie 'n eerstetaalspreker van Engels is nie, maar in 'n werksomgewing funksioneer waar Engels gebruik word. Veral as tale nie die hooffokus van jou studies was nie, maar skryfwerk wel deel van jou daaglikse take is. Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur ŉ aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

## Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen. Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| | **Regstreekse aanlyn sessies** (10:00 tot 12:00) | **Sisteem openings- en sluitingsdatums** | **Inskrywings sluit** |
|---|---|---|---|
| **Aanbieding 1** | 28 April, 5, 12, 19 en 26 Mei | 21 Apr tot 9 Junie | 7 April |
| **Aanbieding 2** | 20, 27 Oktober, 3, 10, 17 November | 13 Oktober tot 1 Desember | 29 September |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- een regstreekse aanlyn sessie per week van twee uur elk
- ± ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

## Wie is die aanbieders?

**Charmaine Eslick** is 'n gesoute onderwyser en dosent met meer as 40 jaar ondervinding. Sy is geduldig en akkomoderend – eienskappe wat 'n veilige ruimte help skep waar mense nuwe vaardighede kan bemeester. Haar humorsin maak dit lekker om in haar geselskap te wees, en haar ervaring in integrale afrigting (*integral coaching*) rus haar toe om 'n positiewe en ondersteunende leeromgewing te skep.



**Cornelia Grobler** is geesdriftig oor taal en taalonderrig en het ervaring in akademiese sowel as besigheidsomgewings. Sy is 'n uitsonderlike aanbieder met 'n kalm en metodiese benadering tot leer. Sy is kundig oor aanlyn leer en onderrig.



## Die kursusfooi is R5 890 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees, en sluit kursus-materiaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

**Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab**

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812